Dr. Nik Lee

# "JULLE DOOP MOS VERKEERD!"

'n Gesprek oor die ware Bybelse doop

tussen

Willie Wederdoper

en

Neels Nederduits Gereformeerd

# "JULLE DOOP MOS VERKEERD!"

**Willie Wederdoper:** Mnr. Nederduits Gereformeerd – jy sê jy's 'n Christen. Maar wanneer gaan jy dit bewys deur Christus te gehoorsaam en jou te laat doop?

**Nederduits Gereformeerd:** Jy kan my gerus Neels noem, Willie! Maar nou-ja ek is al gedoop – naamlik toe ek nog klein was. En Gods Woord leer ons dat alle wederdopery sonde is.[1]

**W.:** Wederdopery is miskien verkeerd, Neels. Maar die grootdoop is tog geen wederdopery nie, aangesien die kleindoop geen doop is nie. Doop beteken mos "onderdompel", en aangesien julle N.G. mense julle kinders nie onderdompel nie maar net hulle koppies met water laat besprinkel, is julle sogenaamde "kinderdoop" eintlik geen waaragtige doop nie!

**N.:** Willie. waar lees jy in Gods Woord dat doop "onderdompel" beteken?

**W.:** Wel Neels, Jesus is mos ondergedompel – en dit ook eers toe Hy groot was. Wil jy dan nie vir Jesus volg nie?

**N.:** Willie, ons moet besef dat Jesus Hom in ons plek laat doop het, en dat ons sy doop om die rede nie kan naboots nie.[2] Net soos die volwasse eerste Adam namens al sy kinders in die sonde geval het, so het die volwasse Jesus as Tweede Adam Hom namens al sý kinders laat doop – want nadat die onreine sondaars hulle bekeer het en hulle laat doop het, waardeur hul sondes op simboliese wyse afgewas is en die Jordaan-water as't ware daardeur besoedel is, kom die reine en sondelose Jesus na die Jordaan en laat Hom in die besoedelde Jordaan-water doop, waardeur Hy aangetoon het dat Hy ons sondes op Hom geneem het.[3] Maar afgesien daarvan, ook ék sou kon redeneer dat aangesien Jesus klein besny is,[4] ook ons klein gedoop moet word, aangesien die bloedige besnydenis ná die bloedige dood van Christus deur die onbloedige doop vervang is[5] en aangesien slegs die onchristelike en nooit gedoopte heidene en Jode (ná hul bekering!) as grootmense gedoop behoort te word.[6]

**W.:** Goed, Neels ons los dan die geval van Jesus se doop. Maar die Ethiopiese kamerling is definitief ondergedompel, want daar staan mos geskrywe dat hy in die water afgeklim het, gedoop is, en weer uit die water opgeklim het!

**N.:** Nee, Willie, dit staan nie presies só nie! Wat Gods Woord daar eintlik sê, is: "Hulle het altwee in die water afgeklim, Filippus en die hofdienaar; en hy het hom gedoop. En toe hulle uit die water opklim..."[7] Let wel, Willie: daar "het altwee in die water afgeklim"; die kamerling is deur Filippus gedoop; en toe het "hulle uit die water op(ge)klim". As jy dááruit wil aflei dat die kamerling ondergedompel is, sal jy ook daaruit móét aflei dat selfs Filippus onder die water was. En dit sal jy sekerlik nie wil beweer nie! Terloops, Willie, dieselfde geld vir die doop van Jesus deur Johannes die Doper.[8] Of hoe?

---

[1] Rom. 6:3-10; Hebr. 5:12 – 6:2; 9:9-14, 24-26; 10:10-22.
[2] Matt. 3:13-15; 20:22.
[3] 1 Kor. 15:22 vgl. v. 45-47.
[4] Luk. 2:21-24 vgl. Lev. 12:2-7.
[5] Kol. 2:10-12; Rom. 4:11, 23-25 vgl. 11:14-18; Gal. 3:6-8, 16-17, 24-29; Hebr. 7:12; 8:10-13; 9:11-22; 10:8-9 vgl. Matt. 8:11; 28:19; Gen. 17:5-6 vgl. Openb. 21:24 en 22:2-4 ens.
[6] Matt. 3; Luk. 3; Hand. 2 en 10 en 11.
[7] Hand. 8:38-39.
[8] Vgl. Matt. 3:13, 16.

**W.:** Maar Neels, Johannes het tog "in die Jordaan gedoop."[9] Dui dit dan nie noodwendig daarop dat hy sy dopelinge ondergedompel het nie?

**N.:** Nee, glad nie, Willie! Want Gods Woord sê dat die Israeliete by hul intog in Kanaän "in die Jordaan bly staan" het, en "bly staan (het) op droë grond binne-in die Jordaan'* nadat hulle "die Jordaan in" getrek het en voordat hulle "uit die Jordaan uit" opgetrek het.[10]

**W.:** Wel, Neels, jy sal minstens moet toegee dat Paulus in Romeine en Kolossense die doop met 'n begrafnis vergelyk. En "begrafnis" beteken mos onderdompeling!

**N.:** Nee, Willie, ook dit staan nie in Gods Woord nie! Wat eintlik daar staan, is: "... weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood,"[11] en: "omdat julle saam met Hom (Christus) begrawe is in die doop."[12] Nou is die hoofgedagte hier: "saam met Christus begrawe." En ons weet baie goed dat Christus nie onder die aarde begrawe is nie, maar dat Hy sywaarts op 'n rotsbank binne-in 'n spelonk of horisontaal-uitgeholde rotsgraf gelê is nadat sy lyk met speserye besprinkel was. En elders lees ons "julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee",[13] waar die doop met bekleding vergelyk word, wat eenvoudig nie met onderdompeling gerym kan word nie. Maar ek glo nie dat al hierdie tekste oor die manier van die doopsbediening handel nie, maar wel oor die heilige betekenis van die doop self, naamlik dat ons wat gedoop is, saam met Christus in sy dood en opstanding ingelyf is – dit wil sê, deur Christus se dood en opstanding moet ook ons dood wees vir ons sondes, maar lewend vir God om voortaan vir Hom te lewe! Terloops, Willie, die oorspronklike Griekse woord wat in Romeine en Kolossense met "begrawe" vertaal word (thaptō), beteken nié "onder die aarde sit" nie, maar net "met doodsgebruike vereer".

**W.:** Maar wag, Neels, hier's nog 'n paar tekste! Hier in 1 Korinthiërs staan daar dat die Israeliete "almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see", en daar in 1 Petrus staan daar dat die doop die teëbeeld is van die sondvloed! Jy sien, Neels, by die uittog uit Egipteland is die Israeliete mos in die see gedoop, en Petrus weer vergelyk die doop met die sondvloed. En dit kan nét een ding beteken: onderdompeling in die see en in die sondvloed!

**N.:** Inteendeel, Willie! Nie die Israeliete nie, maar die Egiptenare is in die see ondergedompel,[14] sonder dat hulle gedóóp is; maar die Israeliete is saam met hulle kindertjies[15] "in Moses gedoop in die wolk en in die see" – wat onderdompeling natuurlik uitsluit aangesien Gods Woord noem dat hulle droogvoets deur die see gegaan het.[16] En wat die sondvloed betref – ons moet begryp dat Gods Woord noem hoedat die gedoopte Noag en sy hele gesin[17] deur reënwater van bo begiet is,[18] terwyl die ongelowiges buite*kant* die *ark* (nes Farao se *manskappe later aan die begin van die uittog)***Error! Reference source not found.**14 hierbo wel ondergedompel is maar nooit gedoop is nie![19]

**W.:** Neels, hoe's dit dan moontlik dat ek al hierdie tekste voorheen so anders gelees

[9] Mark. 1:9.
[10] Jos. 3:8, 11, 17; 4:19; vgl. 4:17, 22.
[11] Rom. 6:3-4.
[12] Kol. 2:12.
[13] Gal. 3:27.
[14] Ex. 14:26-28; 15:3-5, 10.
[15] Ex. 12:3, 24-27, 37 vgl. hfst. 14 en 1 Kor. 10:1-2.
[16] Ex. 14:21-22, 29; Hebr. 11:28-29.
[17] Gen. 6:18; 7:7, 13; 8:15-16; 1 Pet. 3:20-21.
[18] Gen. 7:4, 11-12.
[19] Gen. 7:17-24; 1 Pet. 3:20-21.

het? Jy't my nou skielik baie diep laat dink! Maar sê my – as doop nié "onderdompeling" beteken nie, wat beteken dit dan wel?

**N.:** Willie, die oorspronklike Griekse woord vir "onderdompeling" (kataduō) word nooit in verband met die doop gebruik nie. Die oorspronklike Griekse woord vir "doop" (baptizō) beteken eintlik net "doop" – sonder dat dit 'n voorstelling gee van hoedat daar gedoop moet word.

**W.:** Maar waarom doop jou Kerk dan by wyse van besprinkeling?

**N.:** Wel, Willie, ons sê nie besprinkeling is die énigste manier om geldig te doop nie, maar ons glo wel dat dit die béste manier is. Jy sien, doop is soos reën. Petrus vergelyk die doop met die begieting van die reënwater bo-op die dak van die ark;[20] Lukas in die Bybelboek Handelinge vergelyk die "doop met die Heilige Gees" ook met die koms van reën van bo;[21] en die profete van die Ou Testament voorspel herhaaldelik die uitgieting van die seëinge van die Nuwe Testament soos reënwater van bo.[22] Daarom doop ons Kerk op 'n manier wat aan vallende reënwater laat dink.[23]

**W.:** Goed, Neels, jy't my wel oortuig dat die besprinkelingsdoop nader aan die doop in Gods Woord kom as die onderdompelingsdoop. Maar jy't my nog glad nie oortuig van die reg van die kinderdoop nie! Waar lees jy in die Bybel van een enkele baba wat gedoop word?

**N.:** Wel, Willie, sê jy my eers: Glo jy dat die Drie-eenheid en die Sondag-sabbat skriftuurlik is?

**W.:** Natuurlik!

**N.:** Ek ook. Maar kan jy my 'n enkele Bybelteks noem waar met soveel woorde gesê word dat God Drie-enig is of dat Sondag nou die Sabbatdag is?

**W.:** Nee, ek kan nie op die oomblik aan so 'n enkele teks dink nie. Maar as ons die Bybel as geheel saamvat, is dit baie duidelik dat die Drie-eenheid en die Sondagsabbat tog skrif tuurlik is.

**N.:** Presies, Willie. En ek glo dat dieselfde geld vir die kinderdoop. Maar sê my: Laat julle groep jul vrouens toe om die Nagmaal te gebruik?

**W.:** Natuurlik!

**N.:** Ons ook. Maar waar lees jy in die Bybel van een enkele vrou wat die Nagmaal gebruik het?

**W.:** Ek het nooit voorheen daaraan gedink nie! Maar ons weet tog wel dat gelowige vroue in die Ou Testament die Pasga gebruik het, en dat die Nagmaal in die Nuwe Testament in die plek van die Pasga gekom het,[24] sodat ons kan aflei dat die gelowige vroue tóg die Nagmaal mag gebruik.

**N.:** Presies, Willie! En ons weet ook dat kindertjies gebore uit gelowige ouers in die Ou

---

[20] 1 Pet. 1:1-2 en 3:20-21 vgl. notas 17-19 hierbo.
[21] Hand. 18:8 en 2:1-4, 16-18 vgl. Joël 2:23-29.
[22] Jes. 32:15; 44:4; 52:15 – 53:7 vgl. Hand. 8:27-29; Eseg. 36:25-27.
[23] Vgl. ook 1 Pet. 1; 2 en 3:20-21 vgl. Gen. 7:14, 18-22; en Hebr. 9:10-14 vgl. 12:24 en 9:9 vgl. Ex. 12:22; Lev. 4:6-7; 8:18, 30; 9:9; 12:3; 14:6-16, 51; Num. 19:13-20; Dan. 4:33 en 5:21; Mark. 7:1-4 vgl. 2 Kon. 3:11; Luk. 3:3, 21 vgl. Matt. 3:16b; Ex. 30:30 en Lev. 8:6-12; 1 Sam. 9:16; 10:1; 16:1, 13; Jes. 11:1-2 vgl. Luk. 3:21-22 en Joh. 1:32 en 3:25-26, 34-35.
[24] Ex. 12:3-4; Luk. 22:14 e.v.; 1 Kor. 5:7; Matt. 26:17-30.

Testament die besnydenis ontvang het,[25] en dat die doop in die Nuwe Testamentiese tyd in die plek van die besnydenis gekom het,[26] sodat ons daaruit kan aflei dat kindertjies gebore uit gelowige ouers tóg die doop mag ontvang. Trouens, dit wat vir die één sakrament (die Nagmaal) geld, moet seker ook vir die ander sakrament (die doop) geld. Of hoe?

**W.:** Wel, Neels, as die doop in die plek van die besnydenis gekom het, waarom doop julle Kerk ook die dogtertjies, aangesien slegs die seuntjies voorheen besny is?

**N.:** Willie, mens moet onthou dat ook die besnydenis net ingestel is as teken van die reiniging van die sonde,[27] en dat die sonde eers onder die mensdom ontstaan het toe juis die vrou ongehoorsaam geword het.[28] As gevolg van die sonde is die vrou aan die man se heerskappy onderwerp en verbeur sy se ook die bloedige besnydenisteken wat die bloedige versoeningsdood van Christus voorafskadu[29] en wat alleen die gelowige manlike geslag as latere genadeteken toegekom het.[30] Maar sodra Jesus Christus as die Saad van die vrou[31] ook die gelowige vrou op bloedige wyse kom verlos het, kry ook die gelowige vrou die genadeteken, wat dan onmiddellik na sy versoeningsdood verander is na die onbloedige doopteken wat uiteraard ook aan die vroulike geslag bedien kon word en ook bedien is.[32] So is ook skouspelagtig aangetoon hoedat die vrou tot haar oorspronklike posisie aan die sy van die man herstel is.

**W.:** Maar waarom doop jou Kerk dan net kindertjies?

**N.:** Nee, Willie, hier is daar weer misverstand! Die Nederduitse Gereformeerde Kerk doop mos nie nét kindertjies nie – ons doop eintlik (ongedoopte) huisgesinne wanneer hulle hul geloof in Christus kom bely. Maar huisgesinne bestaan nie net uit volwassenes nie, maar gewoonlik óók uit kindertjies.[33] So doop ons sulke ouers dan saam met hulle kindertjies. Maar wanneer kindertjies later binne reeds gelowige huisgesinne gebore word, word dáárdie kindertjies wat ná die doop van hul ouers en die reeds gedoopte gesinslede gebore word, uiteraard net op 'n latere stadium gedoop, naamlik kort na hul eie geboorte. Na 'n paar geslagte in 'n Christelike omgewing word kinderdoop dus die reël en grootdoop die uitsondering in 'n lank gevestigde Kerk. Maar op die sendingveld word volwassenes gereeld in ons Kerk (saam met hul kindertjies) gedoop, en selfs in ons Moederkerk word die grootdoop steeds bedien aan volwassenes soos bekeerde godloënaars of bekeerde Jode (saam met hulle kindertjies) asook aan die wat as gevolg van die dwaling van hul andersins gelowige Christenouers nooit gedoop is toe hulle self nog kindertjies was nie. Dink tog dááraan dat Abraham eers op nege-en-negentigjarige leeftyd besny is, gelyktydig met sy seun Ismael toe laasgenoemde dertien jaar oud was, maar dat sy jongste seun Isak wat eers daarná gebore is, by sy besnydenis slegs agt dae oud was -en die doop kom mos in die plek van die besnydenis![34]

**W.:** Wel, Neels, dis alles baie interessant! Maar doop die Nederduitse Gereformeerde Kerk dan tog nie álle kindertjies wie se (soms ongelowige!) ouers die doop kom vra nie?

---

[25] Gen. 17:10-14; 21:1-4; Luk. 2:21; Fil. 3:5.
[26] Kol. 2:9-14 vgl. Rom. 4:11, 23-25 met 6:1-4 en 11:14-18 en vgl. Gal. 3:6-8, 16-17, 24-29. Vgl. ook Matt. 8:11; 28:19 en Gen. 17:5-6 e.v. *met Openb.* 21:24 en 22:4.
[27] Gen. 17:10-14; Ex. 4:18-31; Deut. 10:14-16; 30:5-6; Jer. 4:4; 6:10; 9:25-26.
[28] Gen. 2:18; 3:15-16; 2 Kor. 11:3 vgl. 1 Tim. 2:11-15.
[29] Ex. 4:18-31; Rom. 15:8; Kol. 2:9-14.
[30] Gen. 17:8-27; Lev. 12:2-6.
[31] Gen. 3:15-16; Gal. 4:4-6.
[32] Hand. 8:12; Gal. 3:27-29 vgl. Matt. 28:19 en Rom. 15:8.
[33] Gen. 17:8-27; Hand. 10:1, 44-48; 11:15-18; 16:14-15; 16:30-34; 18:8; 1 Kor. 1:16 vgl. 16:15; en vgl. Ef. 1:1 met 6:1-4 en Kol. 1:2 en 3:18-21.
[34] Vgl. Jos. 5:2-10 en Kol. 2:9-14 met Rom. 4:11 en Gen. 15:6; 17:24-27; en 21-4 en Luk. 2:21 en Fil. 3:5.

**N.:** Nee, Willie, dis die Roomse standpunt daardie, want Rome glo dat alle ongedoopte mense en selfs ongedoopte kindertjies verlore gaan. Maar ons Kerk doop net die kindertjies wie se ouers bely dat hulle self Christene is. Ons doop selfs nie eens die kindertjies van Nederduitse Gereformeerde ouers as daardie ouers afvallig geword het nie.[35] Slegs as minstens een ouer 'n belydende Christen is, doop ons die kind, "want die ongelowige man is geheilig deur die (gelowige) vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die (gelowige) man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou (deurdat die gelowige ouer die ongelowige ouer ten opsigte van die geboorte van die kind geheilig het) is hulle (naamlik sodanige kinders) heilig." Dit beteken nié dat die ongelowige ouer sélf gered word net omdat die ander ouer 'n gelowige is nie. Maar dit beteken dat alle vroegsterwende kindertjies gebore uit minstens een gelowige ouer gered word, alleen omdat Christus die kindertjies deur middel van die geheiligde ouer(s) heilig, en dat selfs die ongeloof van één ouer die genadige deurwerking van die invloed van die ander (gelowige) ouer in die lewe van hul vroegsterwende kindertjies nie kan strem nie. Want die doop is ingestel slegs vir die ware gelowiges en hulle kindertjies.[36]

**W.:** Maar Neels, wil jy dan vir my sê dat ál die ouers wat voor die kansel in jou Kerk kom staan om hul kindertjies te laat doop, self wáre Christene is, en dat ál die kindertjies wat by julle gedoop is gered is?

**N.:** Nee, Willie, helaas nié! Ons kan alleen maar volgens hulle belydenis en bekende lewenswandel handel! Die kleinbesnede Essau en Korag en die grootbesnede Ismael (en die grootgedoopte Judas en Demas en Simon die towenaar)[37] het almal later afvallig geword en is dus glo nie gered nie; en diesulkes sal ongelukkig tot op die Wederkoms van Christus altyd by ons wees! Maar julle het seker dieselfde probleem! Jy sal tog nie wil beweer dat almal wat by julle gedoop word, noodwendig gered is nie – of hoe?

**W.:** Nee, ook ons het ons Ismaels en Judasse en Demasse! Maar sê my, Neels, glo die Nederduitse Gereformeerde Kerk dan tog nie dat die doop noodsaaklik vir die saligheid van die kind is en dat die doopwater die sondes moet afwas nie?

**N.:** Nee, Willie, dis weer eens die Roomse standpunt daardie! Gods Woord sê egter: "Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig!" Dis die evangelie wat red, nie die doop nie! Ons glo dat jy éérs tot geloof moet kom vóórdat jy gedoop kan word, en dat jy deur die geloof alléén en sónder die doop gered word – nes die waarskynlik ongedoopte dief aan die kruis en die sekerlik onbesnede vroegsterwende seuntjies van die gelowiges voor die tyd van Abraham en die onbesnede vroegsterwende dogtertjies van al die gelowiges wat voor die koms van Christus geleef het.[38] Maar ons glo ook dat alle gelowiges en hul kindertjies behoort gedoop te word.[39]

**W.:** Maar Neels, as jy glo dat die doop net vir die gelowiges bedoel is, waarom doop julle dan ook en veral die kindertjies van die gelowiges? 'n Kind kan mos nie glo nie!

**N.:** Willie, dis waar dat baie klein babatjies nie kan sê of hulle in Christus glo of nie. Maar dit is nié waar dat alle klein kindertjies om die rede nie kan gló nie! Ons glo dat selfs die babatjies van vroom ouers reeds die saad van die geloof kan ontvang wat eers later sigbaar begin groei. Onthou Willie, Jeremia en Johannes die Doper is albei reeds vanaf die moederskoot geheilig;[40] Dawid skrywe: "Uit die mond van kinders en suigelinge het

---

[35] Matt. 3:5-9; Luk. 7:30.
[36] 1 Kor. 7:14; Hand. 2:38-39 en 8:36-37.
[37] Rom. 9:10-13 vgl. Hebr. 12:16-17; Num. 16:19-32 vgl. Jud. v. 10-11 en 1 Kor. 10:1-6; Gen. 17:20-25 vgl. 21:9-10 met Rom. 9:7-9 en Gal. 4:20-30; Joh. 6:70-71; Hand. 8:9, 13, 18-23; Filem. v. 24 vgl. 2 Tim. 4:10.
[38] 1 Kor. 1:14-17; Hebr. 6:1-2; Luk. 23:40-43.
[39] Matt. 28:19; Mark. 16:16; Hand. 8:36-38.
[40] Jer. 1:5; Luk. 1:15 vgl. Gal. 1:15 en 2 Tim. 1:3-5.

U sterkte gegrondves"[41] en Jesus self het verwys na ,,'n kindjie . . . wat in My glo".[42] Ons moet altyd onthou dat God self bevéél het dat die geloofsteken van die besnydenis[43] selfs aan die baba Isak bedien moes word toe hy maar net agt dae oud was![25 hierbo]

**W.:** Maar hoe kry 'n kindjie dan die geloof?

**N.:** Wel, Willie, alle geloof word slegs deur die Heilige Gees ingeplant,[44] maar Gods Woord verklaar dat die Here die kindertjies van waarlik gelowige ouers reeds vanaf hul ontvangenis en geboorte heilig.[45]

**W.:** Maar Neels, is alle kindertjies dan tog nie rein vanweë hul onskuld nie?

**N.:** Nee, Willie, Gods Woord leer dat alle kindertjies – ook die wat uit gelowige ouers gebore word – vanweë die erfsonde in sónde ontvang en gebore word,[46] sodat ook hulle die koninkryk van God self nie eens kan sien nie tensy hulle wedergebore word.[44 hierbo] Al het babatjies moontlik nog geen daadsondes nie, het hulle almal nog altyd die erfsonde – en erfsonde is sonde! Maar ons glo egter óók dat die kindertjies van gelowiges reeds as babatjies wedergebore beskou moet word. Anders, hoe kon sulke babatjies tot heil kom as hulle in hul prille jeug sou sterwe, soos soms inderdaad ook gebeur? Natuurlik, wanneer die kinders van gelowiges nié jonk sterwe nie, maar grootword, moet hulle soos die kleinbesnede Isak en Jakob elkeen self tot mondige geloof en geloofsbelydenis kom.[47] Gebeur dit nié, moet hulle soos die kleinbesnede dog ongelowige volwassene Esau as verlore beskou word.

**W.:** Maar wat van die kindertjies van die ongelowiges? Ek het gedink God beskou alle kindertjies as ewe heilig, ongeag of hul ouers gelowiges is al dan nie!

**N.:** Nee Willie, dit is nie die leer van die Heilige Skrif nie! Gods Woord leer ons baie duidelik dat die kindertjies van ongelowiges onrein is.[46 hierbo] Daarom dat ook die kindertjies van die ongelowiges gedurende die sondvloed saam met hul ouers vergaan het, terwyl Noag en sy kinders binne-in die ark gered is en deur begieting van bo "gedoop" is.[20 hierbo] Daarom dat ook die eersgeborenes van die Egiptenare gedurende die tiende plaag omgekom het, terwyl die eersgeborenes van die Israeliete – mits hul ouers die bloed van die Paaslam deur die geloof op die deurposte van hul huise persoonlik aangebring het – gered is![48] Daarom dat God die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en die vierde geslag van die wat Hom haat; maar Hy bewys ook barmhartigheid aan duisende (geslagte) van die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou.[49] Daarom dat ons Kerk die kindertjies van belydende gelowiges doop, maar nié die kindertjies van belydende ongelowiges en heidene nie.[50]

**W.:** Maar Neels! Ek is 'n Christengelowige en geen heiden nie! Dan hoort ook mý kindertjies dadelik gedoop te word – of hoe?

**N.:** Ja Willie! En aangesien jou eie groep nie glo aan die kinderdoop nie, staan die Nederduitse Gereformeerde Kerk gereed om jou te help, as jy by ons lidmaat wil word.

---

[41] Ps. 8:3.
[42] Matt. 18:2, 6.
[43] Rom. 4:10-11.
[44] Joh. 3:3-8; Rom. 8:9-17; 1 Pet. 1:2-3, 23.
[45] Vgl. notas 40 hierbo en 48-50 hieronder.
[46] Gen. 5:1-5; 6:5; 8:21; Job 14:4; 15:14-16; 25:4; Ps. 51:7; Rom. 5:12-15; 1 Kor. 7:14.
[47] Vgl. nou Gen. 26:1-25 en 28:10-22 en sien notas 25 en 27 en 40-45 hierbo.
[48] Ex. 11:4-7; 12-13, 21-24, 29-33.
[49] Ex. 20:5-6 vgl. Ps. 105:6-10.
[50] Gen. 17:4-13, 24-27; 21:1-4; Ex. 11:4-7; 12:12-13, 23-27, 29-30, 37, 43-48; 13:11-16; Esra 9:2; Neh. 9:2, 8; Rom. 11:16; 1 Kor. 7:14.

Moenie deur verdere onnodige uitstel van die doop van jou kindertjies die verbond van die Here steeds verbreek en die gevaar loop dat jy of hulle deur God uitgeroei word nie![51] Laat jou kindertjies tog so gou moontlik doop, en voed hulle dan op in die tug en vermaning van die Here![52] Bekeer jou tot die volle raad van God[53] – wat ook die kinderdoop insluit – want luister wat sê die apostel Petrus: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word . . . want die belofte kom julle toe en julle kinders!"[54]

**W.:** Maar Neels – as ek na die Nederduitse Gereformeerde Kerk oorkom, sou ek as reeds ondergedompelde dan wéér gedoop moet word – naamlik by wyse van besprinkeling.

**N.:** Nee Willie, ons is mos nie Wederdopers nie! Jy is reeds gedoop, al was dit maar net by wyse van onderdompeling. En daar is tog maar net één doop – die doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees! Die groot saak is tog nié met hoéveel water jy gedoop is nie, maar of jy gló en gedoop is in die reddende Naam van die Drie-enige God met die doop van die Here Jesus Christus![55]

**W.:** Neels, baie dankie vir al jou moeite! Jy't my oortuig vanuit Gods Woord! Ek wil graag by die Nederduitse Gereformeerde Kerk aansluit!

**N.:** Baie welkom, Willie! Ek sal ons dominee en die wyksouderling vra om jou binnekort hieroor te kom besoek!

---

[51] Gen. 17:14; Ex. 4:18-31; Jos. 5:2-10; Kol. 2:9-14.
[52] Ef. 1:1; 6:1-4.
[53] Hand. 20:27.
[54] Hand. 2:38-39.
[55] Ef. 4:4-6; Matt. 28:19 en Hand. 19:1-5.